# Pornografie



Karlie (10) is in die wolke. Haar pa het pas sy selfoonkontrak hernu en het die ou selfoon vir haar gegee. Haar oupa het dadelik vir haar 'n voorafbetaalde kontrak gekoop sodat sy die selfoon kan gebruik.

Karlie is een van die eerste kinders in haar klas wat haar eie selfoon het en sy is vir 'n volle week lank die middelpunt van belangstelling. Van die ouer kinders by die nasorgsentrum het haar gou 'n paar nuwe funksies op die selfoon geleer en kort voor lank het een van hulle 'n baie lelike foto na Karlie se selfoon gestuur. Hulle wys haar ook hoe sy steelfoto's kan neem en kan aanstuur. In die klas word Karlie 'n slag oor die kole gehaal omdat sy met haar selfoon wil speel en die onderwyseres dreig om dit af te neem as sy dit weer in die klas sien. Twee weke later word die selfoon uit Karlie se tas gesteel tydens 'n sportoefening. Haar ouers het 'n harde en hartseer les geleer: net soos wat Karlie se boetie, Pieter (13), nog nie gereed is om 'n motor te bestuur nie, was Karlie nog nie gereed vir die verantwoordelikheid van 'n selfoon nie.

Natuurlik het Karlie se pa en oupa dit baie goed bedoel. Tye verander en 'n selfoon is deesdae nie meer 'n luukse nie. Vir 'n kind met sy eie selfoon is hulp immers net 'n oproep ver. Boonop bied dit vir ouers gemoedsrus, want hulle kan ten alle tye weet waar hulle kinders is en hulle kan hulle maklik kontak.

Kinders is natuurlik gou om hierdie voordele aan hulle ouers uit te wys (indien hulle dalk nog sou twyfel) en baie kan hulle die lewe sonder hierdie tegnologiese wonder nie voorstel nie. In navorsing is bevind dat kinders tussen die ouderdomme van 13 en 18 dikwels die grootste selfoongebruikers is, meestal op iemand anders se koste. Die selfoonverskaffers het lankal hierdie onontginde mark geïdentifiseer en deesdae is daar familiepakkette en selfs selfone met minder sleutels wat spesifiek op jonger kinders gemik is. (Dit is nog nie in Suid-Afrika beskikbaar nie.)

Blanche van Dyk, onderwyseres by 'n vooraanstaande laerskool in Durbanville, Kaapstad, stem saam dat selfone die lewe vir kinders gewis makliker en veiliger kan maak. "Ek sal vir my kind 'n selfoon gee, mits hy oud genoeg is om dit reg en verantwoordelik te gebruik." Volgens Blanche is selfone veral by kinders van graad 6 af die in-ding. "Vir die meeste van hulle is dit amper 'n skande as jy nie jou eie selfoon het nie."

Selfone kan ongelukkig ook misbruik word en kinders wat dit nie reg en verantwoordelik gebruik nie, kan hulleself en ander kinders benadeel. Veral onder hoërskoolleerders is kullery deur middel van 'n selfoon tydens eksamens lankal nie meer vreemd nie. Kinders wat ander leerlinge skelm afneem en die foto's versprei, is ook algemeen. Blanche vertel voorts dat SMS'e kinders se taalvaardighede baie verswak. "Kinders wil dieselfde afkortings in hulle skryfwerk gebruik as dié wat hulle gebruik wanneer hulle vir mekaar boodskappe stuur. Soms is dit byna onleesbaar! Ons moet dikwels vir die kinders sê om nie 'selfoontaal' te gebruik wanneer hulle skryf nie."

Al hierdie faktore asook die feit dat selfone onder kinders so toegeneem het, het daartoe gelei dat die meeste skole deesdae 'n selfoonbeleid het.

Selfoongebruik het ook ander nadele vir kinders. In 1993 het 'n bekende selfoonmaatskappy in Amerika vir dr. George Carlo, 'n bekende epidemioloog, gevra om te bewys dat selfone veilig is vir langtermyngebruik. Sy ses jaar lange navorsing het egter die teendeel bewys en hy het besluit om sy bevindinge rugbaar te maak. Die energie wat van 'n selfoon af uitgaan, dring deur die ontwikkelende skedels van kinders en kan onder meer op die lang duur breingewasse veroorsaak. Dokters wat op sulke gewasse opereer, kan dikwels uit die ligging van die gewas aflei aan watter kant die pasiënt sy selfoon vashou. Daar word aanbeveel dat kinders jonger as 8 nie 'n selfoon gebruik nie.

Navorsers het ook bewys dat selfs korttermyngebruik van selfone nadelig vir kinders kan wees. 'n Twee-minuut gesprek op 'n selfoon kan 'n kind se breinaktiwiteit vir tot twee uur daarna beïnvloed. Dit kan byvoorbeeld kinders se gemoedstoestand en konsentrasievermoë in die klaskamer beïnvloed wanneer hulle in die voorafgaande pouse hulle selfone gebruik het. Alhoewel navorsers steeds na antwoorde soek, is hierdie bevindinge beslis iets om mee rekening te hou.

Ouers moet nie net vir hulle kind 'n selfoon in die hand stop met die verskoning dat dit die lewe vir almal makliker en veiliger maak nie. Kinders moet oor die gevare van selfone ingelig word. Indien moontlik, moet kinders koptelefone ("headsets") hê om hulle teen bestraling te beskerm. Ouers moet hulle kinders ook leer hoe om selfone korrek te gebruik en vir hulle kinders riglyne neerlê. "Ek praat dikwels met die kinders in my klas oor foonetiket," sê Blanche.

"Dis ongelooflik hoe kortaf hulle soms praat. Ongelukkig stel volwassenes nie altyd die regte voorbeeld nie. Kyk maar hoe blink die selfoonliggies

soos wat volwassenes tydens filmvertonings en selfs in die teater vir mekaar boodskappe stuur, ten spyte van versoeke om selfone af te skakel. Baie mense antwoord selfs hulle selfone tydens vertonings. Mense sal ook in 'n geselskap sit en vir iemand anders 'n SMS stuur, wat 'n duidelike boodskap uitstuur dat die mense in die geselskap nie so belangrik is nie."

Kinders moet weet dat selfone net 'n hulpmiddel is en nooit belangriker is as die mense in wie se geselskap hulle hulle bevind nie.

Daar is 'n vlaag van Pornografie wat besig is om oor ons land, trouens die hele wêreld, te spoel. Ons samelewing, hoewel geïsoleerd is nie hiervan uitgesluit nie. Dit kan die grootste, seerste slagyster wees waarin ons - veral ons kinders – gevang word. Pornografie is verslawend. Eers in sy kloue is dit moeilik vir die individu om los te kom. Pornografie is uiters destruktief en kan eindelik die individu, veral die kind wat emosioneel nog nie instaat is om beheer te neem nie - se ganse wese in besit neem dat hy/sy moeilik op enigiets anders konsentreer. So maklik raak dit 'n obsessie met lewenslange destruktiewe gevolge.

Veral tieners wat van nature in opstand kom teen gesag, asook wil ondersoek en nuuskierig raak oor die teenoorgestelde geslag val maklik in hierdie slagyster. Voeg daarby ook 'n goeie dosis hormone, die vinnig ontwikkelde tegnologie met selfone wat ouers dikwels nie verstaan nie. Voeg hierby boonop tegnologie soos MMS en u het 'n byna seker resep dat jou kind in aanraking gaan kom en moontlik vasgevang kan word deur hierdie slagyster wat die totale sosiale sisteem van ons samelewing bedreig. (spesifieke fone, geheime nommers by foto's, skole, Bluetooth, redes, koste)

Soos met enige dwelms, so ook met pornografie, moet al hoe "harder" pornografie ingeneem word deur die sintuie om dieselfde effek te he. Kinders begin dus op 12 jaar met sagte pornografie, hetsy in 'n film of dvd of selfoon – maar beweeg langsamerhand na al hoe harder pornografie, tot die kind eindelik vasgevang word in hierdie web wat lei tot allerlei gedrags versteurings en wanbegrippe rondom al die mooi soos God dit vir die mens kom gee het.

Die kerk staan voor 'n uitdaging en omdat omstandighede verander het sal ook die kerk en elke ouer se aanslag rondom die benadering van hierdie bedreiging nuut en vars moet wees.

Feit is, u kind/kleinkind gaan byna verseker die een of ander tyd hiermee in aanraking kom: in 'n asblik, onnadenkend weggegooi; op die net – toevallig al dan nie. By 'n maat, op 'n selfoon, op TV.

- Wat kan ons doen? Aan die kind moet 2 sake duidelik oorgedra word: Watter gevaar Pornografie inhou en
- Dat seks en die sensuele iets mooi is – natuurlik daar waar dit uitgeoefen word soos God dit bedoel het.
- Ons moet SAAM besin oor hoe ons gesamentlik hierdie saak gaan hanteer (bespreking)

'n Boek wat enige ouer gerus kan aanskaf rondom hierdie onderwerp is die van Dr James Dobson "Fatal Addiction"

Ons mag nie naïf en onsensitief teenoor hierdie saak staan nie.
'n Klompie skokkende feite waarvan ons moet kennis neem noem ek graag:

- In Aug het 2 uit elke 5 Internet gebruikers pornografiese webtuistes besoek. In Aug 2005 het 71.9milj mense volwasse pornografiese webtuistes besoek.
- In 'n studie in Amerika is bevind dat 87% van alle universiteit studente virtuele seks beoefen het met programme soos Instant Messenger, webcam, en per cellfoon. (Aldus Campuss Kiss and Tell)
- Daar is ongeveer 297milj pornografiese "links" op die inet.
- Die grootste hoeveelheid Internet pornografie gebruikers is tussen 12-17
- 20% van Internet Pornografie behels kinders
- Kinders, selfs so jonk as 2-4 jaar verskyn op pornografie webruimtes. (Daar is 'n al hoe groter aanvraag na hierdie tipe pornografie)
- Die nuutste tipe pornografie is per selfoon. Tans sorg dit vir 'n biljoen dollar inkomste en oor die volgende 2 jaar sal dit vir drie dubbel.
- 1 uit 5 kinders wat op 'n "chat room" ingaan is al genader deur 'n pedofiel.
- 1 uit 5 kry seksuele uitnodigings binne 'n tydperk van 1 jaar.
- 1 uit 33 word seksueel aggresief uitgenooi.
- 58% van jongmense wat op chat room ingaan word uitgenooi om die persoon te ontmoet op die een of ander tyd.

Verantwoordelike bestuur van wat u kind inneem moet gemonitor word: Om nie weet wat u kind op TV kyk, watter webtuistes hy/sy besoek en wat aangaan op sy/haar selfoon nie sou onverantwoordelik wees.

- Een derde van jongmense sê dat hulle iemand sal ontmoet wat hulle nog net in die virtuele ruimte ontmoet het. (tussen die ouderdom 8-18.)
- 1 uit 8 jongmense se dat hulle iemand uitgevang het wat homself baie jonger voorgedoen het as wat hy was.
- 30% meisies sê dat hulle al seksueel uitgelok is in die virtuele ruimte
- 86% sê dat hulle ouers nie weet wat en waar hulle besoek aflê nie.
- Virtuele taal moet ouers leer ken bv. BRB Be right back, A/S/L Ages sex location POS Parent over shoulder. P911 Parent alert
- Die Nr 1 tydverdryf vir jongmense is Instant messaging asook rekenaar speletjies

**Mxit - instant messaging**

Onafgebroke gesels is moontlik

Mxit raak soos 'n dwelm en kos minimaal . 2 ure se aanmekaar gesels - kos miskien R2. (1000 bladsye A4 getik = 1 megabite en R2 – 16/01/07)

Kinders gebruik dit in die klaskamer en kan nie konsentreer nie.

Kinders gebruik dit na skool en raak anti-sosiaal.

Baie jongmense sê dat hulle verslaaf is hieraan en dat dit die enigste rede is vir swak prestasie op skool.

Mxit is soos die i.net. Dit kan goed aangewend word – maar ook uiters destruktief wees. (….)

Mxit kan geslote gebruik word = goed, maar verskeie chat rooms onder verskillende hoofies bv. Flirt, fantasize, adult ens. maak die deur oop vir gevare

Is u kind hier geregistreer? Hoe gebruik u kind die tegnologie?

**Cell porn**

Met die koms van 3G - high speed third generation network – word prentjies en clips vinnig en goedkoop afgelaai. (Soms so goedkoop as 2c)

Kinders word geblok op i.net by die huis, maar koppel per selfoon.

Die e-tydskrif die LIG stel dit mooi: Dit is waarskynlik die kragtigste medium vir die beïnvloeding van menslike gedrag wat, soos die aanduidings nou is, eers oor 'n aantal jare in ons ouer wordende kinders se gedrag en in hulle vermoë om gesonde verhoudings as jong volwassenes aan te gaan, na vore gaan kom.

- Indien u kind wel deelneem aan Mxit of ander webtuistes en u kan hom/haar nie monitor nie - Leer u kind dat chatrooms die plek is waar pedofiele rondloop
- Leer u kind: om nooit, nie eens aan vriende, persoonlike informasie op IM te gee nie – ander kan dit sien!
- Vra jou kind uit oor "online" vriende.
- Leer hulle dat ander "kinders" nie altyd kinders is nie.

- Leer hulle vroegtydig om op te pas vir enigeen wat hulle teen hul ouers, onderwysers of maats opmaak.
- Vra u kind vrae soos:
- Het iemand al "online" met jou gepraat wat jy nie ken nie. Het iemand al vuil of vulgêre taal gepraat met jou. Het iemand jou al jou persoonlike inligting gevra. Het iemand jou al gevra om hom of haar te ontmoet sonder ander se mede-wete.
- Stel reëls op oor die gebruik van fone en die internet
- Spandeer tyd saam met u kind.
- Kyk wie is jou kind se buddy's in sy foon.
- Blok jou kind sy foto's met 'n "password"?
- Kyk bedag op gedrags veranderinge bv. slaapprobleme, aggressie, onvermoë om te konsentreer, geheimsinnigheid, noem van vriende wat u nie ken nie.
- Hou die rekenaar in 'n oop ruimte waar daar deurgaans algemene toegang is.
- By die webwerf www.cyberangels.org is programmatuur beskikbaar wat jou rekenaar teen ongewenste invloede soos pornografie kan beskerm. Gebruik ook 'n internetdiensverskaffer wat die moontlikheid van internetfilters beskikbaar maak om gevaarlike invloede uit te weer. Mense kan ook 'n kommersiële pornografie-blokker soos Netnanny installeer, of laai die Parental Filter via Google af wat behoorlik op die rekenaar geïnstalleer moet word.
- By skole kan ouers saamwerk om oor die saak te praat en met mekaar ooreen te kom oor maatreëls tuis wanneer maats mekaar besoek. Kennis en inligting oor beskermingsmaatreëls in sagteware kan hier uitgeruil word. Kry iemand om met die ouervereniging oor hierdie saak te praat.

Neem die saak met skole amptelik op en maak die leerlingraad 'n bondgenoot om pornografie te verkla – veral wat selfone betref, aangesien die beheer hieroor tans feitlik onmoontlik is.

Uit die omvang van die probleem blyk dit dat die enigste doeltreffende manier om die afbrekende uitwerking van pornografie teen te werk, die ontwikkeling van gesonde verhoudings tussen ouers en kinders is. Dit beteken ook goeie verhoudings tussen ouers en kinders wat nie noodwendig verwant is aan mekaar nie: kinders praat soms makliker met die ouers van ander kinders as hulle eie.

**Gevolge van invloed?**

Sodra ouers begin vrae vra en optree, kan hulle teenstand en

beskuldigings verwag. Dit kan dikwels 'n teken daarvan wees dat die kinders reeds toegang tot pornografie benut. Sommige selfoonfabrikate kan byvoorbeeld gestel word om sekere inkomende inligting (oproepe en SMS'e) te blokkeer. Maar dit is dikwels so dat die vindingrykheid van die kinders die ouers s'n oortref en hulle dit self kan afskakel, of die installering van rekenaarprogramme kanselleer en dus voorkomende maatreëls daardeur fnuik.

Op grond van die Grondwet word dikwels verwys na die regte van mense, die reg daartoe om geld te maak (verwysend na die pornobedryf en poniekoerante), asook die reg tot vryheid van spraak. Daar is egter 'n ander reg wat op grond van die grondwet ewe belangrik is, en dis die reg van 'n kind om nie aan skadelike invloede blootgestel te word nie – die reg van kinders tot 'n veilige omgewing. 'n Mens kan nie vir jouself regte opeis wat ander (kinders in hierdie geval) hulle basiese menslike regte ontneem nie.

Die seksuele molestering van kinders is een van die wreedste, mees tragiese werklikhede wat daagliks onder ons neus plaasvind – meer dikwels tussen volwassenes en kinders aan mekaar bekend. Die gevolg daarvan is die seksualisering van kinders. Hulle word dus op 'n vroeë ouderdom aan 'n bepaalde seksuele gedrag blootgestel wat vir hulle toestemming verleen om buite die normale eksperimentering rondom seksualiteit, bepaalde seksuele fiksasies te ontwikkel wat hulle normale ontwikkeling van seksuele identiteit afbrekend beïnvloed. Die gevolge van hierdie molestering kom dikwels eers aan die lig wanneer dié kinders as adolessente en later as volwassenes nie in staat is om normale (seksuele) verhoudings met maats aan te gaan nie. Hulle siening van verhoudings as sodanig en seks in die besonder is uiters nadelig beïnvloed.

Vroeë blootstelling aan pornografie kan tot dieselfde gevolge lei. Ons sal nie nou besef wat met ons kinders gebeur nie, maar dit sal eers later blyk.

Dit is daarom belangrik dat ouers fyn moet oplet na die gedrag van hulle kinders rondom die bewusmaking van die gevare van pornografie – veral wanneer daar aggressie is met die aanwending van maatreëls om dit aan bande te lê. Die inwin van professionele hulp in die verband kan 'n noodsaaklikheid wees indien dit sou blyk dat daar onbeheerde situasies kan ontwikkel. Berading saam met en afsonderlik van die kinders moet ook nie uitgesluit word nie.

**Wolf-wolf?**

Ons is gedurig blootgestel aan allerhande komplot-teorieë waarmee vrees ingeboesem word vir die manipulering van mense en situasies. Maar pornografie, die destruktiewe "stille misdaad," is besig om die toekoms van ons mense en kinders bepalend te beïnvloed.

Dat ons hier met 'n wesenlike bedreiging met verreikende gevolge te doen het, kan glad nie ontken word nie. Die empiriese bewyse hiervan is doodeenvoudig net te oorweldigend.

Dit praatjie is geensinsaangebied sodat u nou selfone gaan konfiskeer en i.net koppeling afskakel nie Tegnologie is hier om te bly. U kind is steeds in hierdie wêreld. Selfone, asook programme soos Mxit kan selfs voordelig gebruik word. Belangrik ons moet juis ons kinders leer om "by te bly" by tegnologie en gereed te wees vir die wêreld – die doel v.d. gesprek was:

- Om ouers bewus te maak en te prikkel rondom tegnologie waaraan ons kinders blootgestel word.
- Om Ouers gevare uit te wys sodat dit aan kinders oorgedra kan word.
- Om ouers wat kinders het wat reeds in hierdie web vasgevang is – bewus te maak en in die regte ringting te stuur rondom die hantering van die situasie

Ons 'n besliste rol om te vervul om nuut en vars te dink hoe ons hierdie euwel gaan aanspreek, sodat ons saam 'n front kan vorm om ons kinders te beskerm teen die slinkse aanslag van die satan.